Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE DIREKTORAAT OPENBARE BETREKKINGE GEDURENDE WÊRELDOORLOG II*

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was die Suid-Afrikaanse Direktoraat Openbare Betrekkinge (SAOB), soos die van enige ander Statebondslande, geskoei op Britse lees. Om die werking van die SAOB te kan verstaan, is dit dus nodig om kortliks die Britse organisasie te beskryf.

Die gedagte aan 'n organisasie vir openbare betrekkinge in Engeland het in 1938 by Hore Belisha ontstaan. Gedurende daardie tyd was gevind dat die werwingsreaksie in Brittanje nie na wense was nie en daarom het die Oorlogsekretaris besluit om 'n publisiteitsaksie te loots ten einde die jong manne militêr te oriënteer.

'n Direktoraat Openbare Betrekkinge is onder beheer van die Oorlogskantoor gestig en 'n aantal offisiere is aangestel. Hulle werk was om die Leër te beskrywe en soveel as moontlik in die openbare pers te laat verskyn. Hierdie organisasie het goeie vredestydse diens gelewer, maar sou die oorlogstyd heeltemal onvoldoende wees. Hore Belisha was bewus van die noodsaaklikheid om nuus van die oorlogs- terug na die tuisfront te voer en toe Wêreldoorlog II uitbreek het hy dadelik 'n uitnodiging aan koerante en nuusagentskappe gerig om verslaggewers oorsee te stuur. Die reaksie was verblydend en teen die einde van September 1939 was ongeveer sestig oorlogskorrespondente van Brittanje, die Statebondslande en van Amerika genomineer om die oorlog te dek.

Hierdie manne kon egter nie ongeorganiseerd na Frankryk gestuur word nie. Hulle moes gevoed word, slaapplek hê, vervoer hê, kommunikasiekanale moes geskep word en wat hulle skrywe moes voor versending gesensor word. Die HK vir Openbare Betrekkinge kon dit nie uit Engeland hanteer nie en daarom is die eerste Openbare Betrekkingsorganisasie vir veldoperasies op 7 Okt 39 gestig. Dié het in Frankryk opgetree tot en met Duinkerke. Ondertussen het die offensief op die vasteland van Afrika begin en nog 'n seksie, nl No 1 Openbare Betrekkingsdiens, is in die lewe geroep en na die Midde-Ooste, onder bevel van lt kol Philip Astley, gestuur. Dit wat na Duinkerken van die organisasie oorgebly het, is gereorganiseer vir diens in Brittanje

Op daardie stadium is besef dat alhoewel die oorlogskorrespondente 'n goeie algemene beeld van die oorlog aan die daaglikse koerante verskaf, geen intieme agtergrondsmateriaal beskikbaar gestel word nie en dit is as van groot belang beskou om die Britse moreel hoog te hou. Hierop is 'n aantal militêre waarnemers aangestel met die opdrag om materiaal vir die plattelandse pers in Brittanje bymekaar te maak.

In die Midde-Ooste is die Openbare Betrekkingsorganisasie in drie seksies verdeel, tw

OB1 — Om fasiliteite vir oorlogskorrespondente te voorsien.

OB2 — Nuus en propaganda — militêre waarnemers.

OB3 — Sensorskap.

Hierdie opset sou die basis van openbare betrekkinge in elke oorlogsterrein vorm. By elke Openbare Betrekkingsorganisasie is 'n Leër Film en Fotografiese Eenheid gevoeg met die opdrag om nuusfilms te maak en stilfoto's te neem vir historiese doeleindes en vir beskikbaarstelling aan die pers, indien nodig.

Die HK—organisasie in Brittanje was by die Oorlogskantoor gesetel en 'n genl maj het die pos van Direkteur Openbare Betrekkinge gevul. Onder die DOB was 'n ADOB, met die rang van brigadier.

Die Suid-Afrikaanse Openbare Betrekkingsorganisasie was, soos gesê, op Britse lees geskoei en het tydens die Oos-Afrika Veldtog ontstaan toe lt J. W. A. Bell begin omsien het na die een of twee oorlogskorrespondente by die SA Magte. Min is egter oor hierdie periode bekend omdat daar in werklikheid nog geen SAOB bestaan het nie. Lt Bell was lid van die Inligtingskorps en sy pos word beskrywe as Persskakeloffisier.

* Hierdie is 'n verwerking van kapt Strydom se verslag oor SAOB aan die UVM se Historiese Seksie, Nov 1944.


Met die Suid-Afrikaners se aankoms in die Midde-Ooste is, op 2 Okt 41, 'n konferensie tussen persverteenwoordigers, wat op daardie stadium veel meer was as tydens die Oos-Afrika Veldtog, en die GOA in die Midde-Ooste, gehou waarop besluit was dat 'n leërorganisasie nodig is om kontrole uit te oefen oor en voorsiening vir persverteenwoordigers te maak op dieselfde basis as vir Imperiale, Australiese en New Zealandse persverteenwoordigers.

Die uitvloeisel hiervan was die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Publisiteitseksie onder kol E. P. (Scrubbs) Hartshorn as Hoofpersoffisier. Verder het kapt Bell 'n perskamp tussen Mersa Matruh en Bagush, naby die Imperiale perskamp ingerig. Noue skakeling tussen die Imperiale Perskamp en die Leër HK is steeds gehandhaaf. Verder het kapt Bell toestemming verkry dat die berigte van SA korrespondente met die daaglikse kommunikasievliegtuig na Kairo versend word. Hierdeur het berigte die Basis binne drie uur bereik en kon dit deur kapt P. J. G. Lessing, die perssensor in Kairo, onder hande geneem word.

In Maart 1942 ontvang kol Hartshorn opdrag om 'n werwingstoer uit te voer. 'n Boston bomwerper is vir die toer gebruik.

Gedurende hierdie tyd was daar twee Oorlogskorrespondente van SAPA, vier van die Informasieburo en vier van die SAUK in die veld. Die vier personeellede van die Informasieburo het bestaan uit twee joernaliste en twee fotograwe en dié van die SAUK uit twee kommentators en twee ingenieurs. Bogenoemde tien persone kon nie volledige dekking van die oorlog doen nie en 'n gewysigde publisiteitsorganisasie is aan Pretoria voorgelê.

Intussen het maj Dewdney, bevelvoerder van die Publisiteitseksie, gepoog om fasiliteite te verbeter en publisiteit in intensiteit op te stoot. Hy kry toestemming van die Britse Openbare Betrekkingsorganisasie om hulle




**Onderskeidingsteken van die SAOB: 'n Swart oog op 'n rooi agtergrond gebruik op alle voertuie**

kenteken, die swart-en-wit oog, op die voertuie van die SA Publisiteitseksie te gebruik. Om egter te onderskei tussen die twee organisasies het hy 'n swart oog op 'n rooi agtergrond as onderskeidingsteken gebruik. Sol date spitsvondigheid het daarvan die "blood shot eye" gemaak en dikwels is na die Publisiteitseksie verwys as "the red eye of the Pub Section, Bottle Headquarters".

Ongeag beter werkverrigting as gevolg van hulp van die Britse Openbare Betrekkingsorganisasie en die SA Lugmag, het twee dinge sake gestrem, nl dat Pretoria nie tot 'n groter organisasie toegestem het nie en 'n kroniese tekort aan voertuie. Pretoria het voorgestel dat voertuie deur die Agste Leër verskaf moet word, maar dit het 'n suggestie gebly. Ook bestuurders vir voertuie was nie volop nie — die was meestal van die B-kategorie en was konstant met siekteverlof. Gelukkig het die GOA — genl Frank Theron — altyd 'n simpatieke oor gehad en hy het weer eens 'n vergrote organisasie aanbeveel en weer eens is dit afgeskiet.

Gedurende die laaste helfte van Mei 42, het genl en mev Smuts op 'n toer in die Midde-Ooste aangekom. Dit het 'n geskarrel onder die Publisiteitseksie om elke faset van die toer gedek te kry, tot gevolg gehad — selfs 'n rolprentfotograaf moes geleen word. Alles het egter goed verloop en elke faset van die "groot storie" is gedek.

Genl en mev Smuts was skaars weg of 'n ander prominente besoeker het op die toneel verskyn — Rommel. Die Publisiteitseksie het, soos trouens altyd die geval was, 'n vroeë waarskuwing van hierdie nuwe verwikkeling ontvang en kon hulle korrespondente dienooreenkomstig waarsku. Ongeag hierdie vooraf waarskuwing het die Informasieburo vir Uys Krige, Conrad Norton en Errol Hinds en die SAUK vir Lamprecht en Sinclair by Sidi Rezegh verloor — hulle het in vyandelike hande geval. Natuurlik was die Publisiteitseksie senuweeagtig hieroor — hulle wou nie op daardie stadium Oorlogskorrespondente in Italië gehad het nie.

Maj Dewdney het 'n vinnige rit na Gambut en Tobruk afgelê in 'n poging om die haglike transportsituasie te verlig, maar enigiets wat kon beweeg is deur die Leër benodig en die pers moes maar sien kom klaar. Gelukkig vanweë die goeie verhouding tussen die Publisiteitseksie en die werkswinkels op die front, kon die pers mobiel bly en geen korrespondent het gestrand geraak of 'n storie gemis nie, hoewel 'n hele paar noue ontkomings belewe was.

'n Paar dae na maj Dewdney se terugkoms van Kairo af, het Tobruk geval. Die onmiddellike periode hierna was een van fanatiese geskarrel en konstante beweging. Die persoffisier op die front moes bykans daagliks sy kamp verskuif en terselfdertyd wagter speel oor sy kudde nuusmanne sodat die bemoeiing van Sidi Rezegh nie herhaal word nie.

Ten einde laaste is die El Alamein-linie bereik, maar steeds het dit gelyk asof Rommel die Delta sou bereik. Tydens 'n konferensie met genl Theron, is die kritiese toestand bekend gemaak en is dit beklemtoon dat ontruimingsvoorbereidings getref moet word. Die Hoofpersoffisier het sy sewentien persverteenwoordigers onttrek, die hele Frontseksie geherorganiseer en op 'n gereedheidsgrondslag geplaas. Alle voertuie is nagesien en gereed gehou en alle persverteenwoordigers is aangesê om 'n ligte sak te pak en dit in die perskantoor gereed te hou.

Gelukkig het dit na 'n paar dae geblyk dat die El Alamein-linie staande sou bly en alles het weer in normale roetine verval. Selfs die transportsituasie is deur die toevoeging van drie voertuie ietwat verlig. Binne twee dae, egter, is die een voertuig wat aan die SAUK toegesê was, deur 'n landmyn verwoes. Die bestuurder (Schutte) is in die hospitaal opgeneem en Louis Knobel, die SAUK se korrespondent het 'n noue ontkoming gehad.

Ongeveer hierdie tyd is weer 'n groter organisasie voorgestel, maar met geen sukses nie. Veral die Leër se Film — en Fotoeenheid moes vergroot word. Van 'n voorstel dat die Publisiteitseksie die fotografiese personeel van die Historiese Seksie kon gebruik het niks gekom nie omdat die Historiese Seksie nooit in die veld gefunksioneer het nie.

Op 10 Jul 42 het kapt Bell by maj Dewdney oorgeneem. Kapt Bell word tot maj bevorder en begin dadelik om 'n frontperskamp by El Alamein in te rig. Hy stel vir kapt Jacques Strydom, op daardie stadium verbonde aan 7 Eskader, as frontoffisier aan.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**SAOB se frontperskamp by El Alamein. Die kamp was geleë tussen die pad in die kus naby die HK van 1 SA Divisie**

Die statiese periode wat op El Alamein gevolg het, het min stories vir die Publisiteitseksie vir versending na die tuisfront opgelewer. Dit het die gevaar meegebring dat die mense tuis belangstelling in die oorlog sou kon verloor. Gelukkig is in hierdie stil tyd die Victoria Cross aan sers Quentin Smythe toegeken. 'n Frontpersoffisier het die volgende dag hieroor die volgende brief aan die Hoofpersoffisier gestuur:

> "I am afraid I took rather a lot upon myself yesterday, but the size of the story, I trust you will agree, justified it. Firstly, since I was not sure whether you had learnt about it in time, I sent signal for Spike and Bobby (B of Info photographers Coleman and Keartland) to be sent out. I did quite a bit of wangling to get this away quickly turned up trumps. Secondly, to save time, I arranged with Jimmy Chapman (SABC Engineer) to take pictures. Together with Sutherland's story I sent these off to you by special messenger, and trust you will ratify this use of transport in the cause of "today's news today".
>
> Tom Treanor* of the Los Angeles Times turned up yesterday and has been made welcome. He was rather fortunate in landing right on top of the VC story, and I had him acquainted with General Dan and Brig Hartshorn within an hour of his landing here. I give you my word, within ten minutes after meeting the General, he had the latter on his knees in the sand, drawing a picture of the Victoria Cross with his fore-finger."

* Tom Treanor, Bill Munday van Australië en Bob Landry, fotograaf van "Life" was in die stil periode deur die Publisiteitseksie genooi om oor die SA Magte te skrywe. So is die stil periode vrugbaar gebruik om wêreldpublisiteit vir die SA Magte te kry.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**SAOB personeel en Oorlogskorrespondente by El Alamein. L na R: Lt P. W. Bawcombe, lt F. Krige (Oorlogskunstenaar), maj Arthur Bell, John Baird, J (Koko) Botha (Informasieburo), W. St J. Coleman (Informasieburo), kapt J. Strydom**

Op 19 Sep 42 word die naam van die Publisiteitseksie na Suid-Afrikaanse Openbare Betrekking (SA Public Relations) verander. Die organisasie sien toe soos volg daaruit:

> 'n HK- personeel bestaande uit een Hoofpersoffisier met die rang van majoor en maj Bell vul die pos; 'n Basisperssensor met die rang van kaptein en kapt Lessing vul die pos; een Tikster/klerk met die rang van sersant en een tikster/klerk (Vrouehulpdiens) met die rang van stafsersant.
>
> 'n Veldperseenheid bestaande uit een frontpersoffisier met die rang van kaptein en kapt Pauli vul die pos; twee Begeleidende offisiere met die rang van luitenant, ses bestuurders en een kok.

Die twee Begeleidende offisiersposte kon nie gevul word nie en dit word toe besluit om 'n ervare K-offisier, wat die Frontpersoffisier in die kamp kon help en persverteenwoordigers op hulle besoeke kon vergesel, aan te stel. So word lt Ross aangestel en perskamp toe gestuur.

Dit was die opset toe Montgomery sy historiese aanval op 23 Okt 42 van stapel gestuur het. Die SAOB het 'n konstante nuusvloei oor die verloop van die oorlog volgehou en saam met die Agste Leër vorentoe bly beweeg.

Op weg na Suid-Afrika met tuisverlof sterf maj Bell saam met genl Pienaar op 19 Des 42 by Kisumu en kapt Strydom word as waarnemende Hoofpersoffisier aangestel. Toe die Eerste Divisie Egipte verlaat, het die SAOB-kamp na Helwan verskuif om sy volgende opdrag af te wag. Kort hierna word maj R. N. Lindsay as Hoofpersoffisier vanuit Suid-Afrika gestuur en hy behou die aanstelling van 16 Feb 43 tot 1 Apr 43 toe lt kol D. H. Ollemans as assistent Direkteur van Openbare Betrekking by hom oorgeneem het.

Ondertussen het Tripoli geval en die perskamp verlaat Egipte op 6 Apr 43 om na Tripoli te

gaan. Sodra die kamp ingeruim was, vertrek maj Lindsay agter die voorhoede aan verby Mareth en Endaville. Met hierdie toer het hy waardevolle materiaal vir wye publisering in die Unie versamel. Maj Lindsay vertrek op 4 Mei 43 na die Unie om sy werk by DMI voort te sit.

Lt kol Ollemans stel op hierdie stadium vir kapt Strydom en kapt Bapuli as militêre waarnemers aan met die opdrag om "stories" te skrywe. Kapt Strydom vertoef vir 'n maand op die SAS Protea en lewer talle stories oor die sogenaamde klein skepies. Daarna vergesel hy die 9th US Bomber Command oor Sicilië. Met die inval van Sicilië was kapt Strydom saam met 3 Vleuel (SALM), maar 'n besering tydens die bomaanvalle, noodsaak hom om na Tripoli terug te gaan.

Kapt Pauli se aktiwiteite voer hom na Algerië en daarna na die Agste Leër se linie, maar 'n siekte besorg hom in 'n hospitaal in Tunisië. Na ontslag uit die hospitaal vertrek hy na Kairo en kom daar aan op 14 Sept 43.

Op 13 Sept 43 het lt kol Ollemans vir diens by Ses Pantserdivisie aangemeld en kol Hartshorn neem weer die pos van ADOB, saam met sy ander pligte, oor.

Hierdie was 'n moeilike tyd vir SAOB omdat Ses Pantserdivisie op daardie stadium in die finale opleidingsfase in Egipte was, maar aan die anderkant van die Middelandse See het sake vinnig ontwikkel. Die SAOB het gebrand om beide stories te dek. In Sept 43 land kapt Lessing, as die eerste SAOB verteenwoordiger, op Italiaanse grond.

In die Midde-Ooste was SAOB nie sonder werk nie. Ses Pantserdivisie se opleiding het bykans 'n jaar geduur en die tuisfront moes van nuus oor hulle voorsien word.

Intussen, in Italië, het kapt Lessing sy kamp op 5 Okt 43 by Foggia ingerig. Die produsering van berigte het egter bykans tot 'n stilstand gekom omdat die meeste korrespondente ongesteld was. Ongeag dit kon die stories oor die eerste ontsettende krygsgevangenes, en spesifiek die ontsnapping van genl Klopper, bekom word.

Op 2 Jan 44 het maj Lindsay weer in die Midde-Ooste aangekom en by kol Hartshorn oorgeneem. Op daardie stadium het Kapt Lessing siek van Italië af teruggekom; kapt Brooke-Norris is as sensor in Kairo aangestel; kapt Strydom was die ADOB assistent by die HK en lt Ross was in die perskamp by Foggia.

Op dieselfde datum was Ses Pantserdivisie gereed om te beweeg en op kapt Brooke-Norris se skouers het die taak gerus om genoeg voertuie te bekom sodat SAOB saam kon vertrek. Terwyl hy met hierdie taak besig was, moes kapt Strydom as sensor optree.

Op 15 April 44 vertrek kapt Brooke-Norris met die volgende korrespondente na Italië:

Louis Knobel van die SAUK.
Jimmy Chapman van die SAUK.
Len Richardson van die Informasieburo.
Brian Lello van die Informasieburo en verantwoordelik vir die koerant "Springbok".
John Baird van die Informasieburo.
John Warner van die Informasieburo.
Harry O'Connor van SAPA.
Lt Ben Burrage, 'n Oorlogskunstenaar.

Ondertussen het maj Lindsay na die Unie vertrek om 'n groter SAOB organisasie te gaan bepleit. Hy keer op 12 Mei 44 terug met die nuus dat sy voorstelle aanvaar is en die volgende ses weke word deur die herorganisasie in beslag geneem.

In Rome was die voertuigsituasie heelwat verlig, veral deur die toedoen van kapt Ted Rowcroft, maar kommunikasie was nog 'n probleem. Die nuus kon nie vinnig genoeg versend word nie. Die probleem is met die hulp van die UVM Seindiens in Rome, onder bevel van lt kol H. Myers, opgelos deur direkte radioverbinding tussen Rome en Voortrekkerhoogte te bewerkstellig. Vanaf SAOB se HK is die nuus per rapportryer na die UVM-radiodiens vervoer. 'n 299 radio is by die Britse Openbare Betrekking by die Agste Leër se HK, waar die militêre sensors ook was, voorsien. Vanaf Voortrekkerhoogte is die nuus direk van SAPA in Johannesburg en die Informasieburo in Pretoria, oorgestuur.

Geen persnuus vanuit 'n operasionele gebied mag per radio versend geword het sonder die nodige sensuur nie. Die SAOB het 'n perssensuuroffisier by die Geallieerde Openbare Betrekkingshoofkwartier in Rome en by die Leërhoofkwartier, onder wie Ses Pantserdivisie opgetree het, gehad. Dit was benewens die sensor wat steeds in die Midde-Ooste opgetree het. Hierdie perssensuuroffisiere was

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 2, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



Oorlogskorrespondente in Italië: Vernon Barber (Redakteur, Daily Dispatch), J. v.d. B. Botha (Informasieburo) en bestuurder Van Rensburg. Dit was SAOB se beleid om redakteurs van SA koerante aan te moedig om die soldate in die veld te besoek


LETTERS FROM HOME

SPRINGBOK

AMPTELIKE NUUSBLAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE MAGTE IN DIE MIDDE-OOSTE

22 OKTOBER 1941

BETER SOSIALE ORDE VIR S.-A.

Soldate Se Toekoms Verseker, Sê Generaal Smuts Te Bloemfontein

MILITARY PENSIONS TO BE IMPROVED

Don't Forget To Post Early

First R.A.F. – S.A.A.F. Trained Pilots Receive Their "Wings"

Die eerste bladsy van die eerste uitgawe van Springbok: **Egipte, 1941**

hulle gewig in goud werd omdat hulle die enigste was wat Afrikaanse berigte kon goedkeur en daarbenewens moes hulle ook as skakeloffisiere by die SA Formasies optree. Uit hierdie kort oorsig kom vier aspekte waaraan 'n openbare betrekkingsorganisasie te velde aandag moet gee, duidelik na vore:

a. Voertuie is uiters noodsaaklik om suksesvolle openbare betrekkingsorganisasie ten tye van oorlog te handhaaf.

b. Kommunikasie is belangrik. Nuus moet vinnig by die publiseringsinstansie kom. Sensuur is belangrik, maar moet nie stremmend op nuusvrystelling werk nie.

c. Die openbare betrekkingsorganisasie moet slegs koördinerend optree. Erkende nuusinstansies moet self die nodige persverteenwoordigers verskaf. Die openbare betrekkingsorganisasie moet fotografiese en kommunikasiefasiliteite verskaf.

d. Oorlogskorrespondente moet nie op hulle eie beweeg nie. Waar hulle gaan moet die openbare betrekkingsoffisiere ook gaan. Die HK organisasie moet saam met die magte beweeg, maar die perskampe moet mobiel genoeg wees om saam met die front of fronte te beweeg.




**Die** bratina **wat deur die argitekte Schoené en Tchaguine ontwerp is**